

“Sondag van ’n kind” in La caniaanse konteks

Hein Viljoen

Opsomming

Hierdie artikel is ’n lesing van D.J. Opperman se gedig “Sondag van ’n kind” op die letter af deur verskillende wendings heen. Eers volg ek ’n paar draadjies deur die labirint van Lacan se werk heen. Daarna trap ek Strydom se spoor, maar probeer ook die versonke interteks, die Bybel, lees. Die letter lei ons verder na Freud se familieroman en na Girard se mimetiese begeerte en die sondebokritueel, wat ons weer terugbring by Lacan se begeerte van die Ander en die genese en gespletenheid van die subjek.

Summary

This article is a reading of the letter of Opperman's poem “Sondag van ’n kind” (A child's Sunday) through different convolutions. Firstly I follow a few threads through Lacan's labyrinth. Then I tread Strydom's spoor through the poem, also seeking out the sunken *intertext*, viz. the Bible. The letter leads us on to Freud's family romance and Girard's mimetic desire and scape-goating rituals, returning us eventually to Lacan's desire of the Other and the development and splitting of the subject.

1 Die verminkte teks

Volgens Lacan is elke teks ’n verminkte teks. Elke teks, letter-lik elke woord, bied ’n gaping of opening waarin ander betekenaars, die diskoers van die Ander of die begeerte ingeskryf kan word. Wat sal ons in die gaping in die titel inskryf? Lakoniek, arkaan, kanien, kanoniek? Honds maar lakoniek die spoor van arkane meester Lacan vat?

Die gaping, of dan die gebrek, die gemis (Eng. *lack*) is miskien die belangrikste begrip by Lacan. Hy noem die ontdekking van die onbewuste dan ook die Freudiaanse ontdekking, en die onbewuste is presies dit wat geproduseer word in die gaping tussen oorsaak en gevolg, oorsaak en simptoom of selfs, sou ek wou sê, tussen betekenaar en betekende (Lacan, 1977d: 25–6).

Gapings speel in Lacan se siening ’n groot rol. Daar is die gapings wat die subjek in sy imaginêre identifikasie met sy spieëlbeeld moet probeer opvul, die gapings tussen die taal-van-die-Ander en die ek, tussen die simboliese orde en die ek. Agter elke woord is daar gapings wat die resultaat van die droomwerk is. Elke woord is ’n simptoom binne Lacan se besondere taalteorie, omdat elke woord letter-lik die resultaat is van ’n komplekse stel verskuiwings en verdigtings.

Een van Lacan se heel basiese insigte is dat daar ’n ooreenkoms is tussen die prosesse van metafoor en metonimie en die Freudiaanse droomwerkprosesse van verskuiwing en verdigting. Metonimie is ’n proses van skakeling tussen betekenaars, omdat, soos Lacan (1977a: 156) redeneer, die verband tussen “dertig seile” en “dertig skepe” in die betekenaar self setel. Dit kom ooreen met verskuiwing, omdat in die ketting van betekenaars die een die

ander kan vervang presies op grond van die gaping of gemis waardeur die verskillende betekenaars met begeerte gelaai word (vgl. Lacan, 1977a: 164).

Verdigting, die oormekaarskuif of superponering van betekenaars op grond van ooreenkoms of verskil, is vir Lacan gelyk aan die linguistiese prosesse waardeur metafoor tot stand kom. Hierdie prosesse van metafoor en metonimie veroorsaak volgens Lacan dat die betekenaars afgly tot onder die lyn wat betekenaar en betekende skei. Dit is 'n soort repressie waardeur die eerste betekenaars onbewus word en die onbewuste tot stand kom, omdat daar 'n gaping, 'n gemis ontstaan (Lacan, 1977a). Betekenis berus dus altyd op reekse verskuiwings en verdigtings, ofte wel metonimieë en metafore, waardeur die subjek sy begeerte of gemis wil herwin.

Vir hierdie gemis gebruik Lacan die teken van die Fallus, en dit is vir Lacan nòg 'n fantasie, nòg 'n objek of 'n orgaan. In die spieël stadium staan dit "vir dit wat die moeder mis en waarmee die kind identifiseer om deur haar erken te word as die totaliteit van haar begeerte" (Muller, 1980: 150). In die spieël stadium is dit nog nie 'n teken nie, omdat die kind denkbeeldig daarmee en met die begeerte van die moeder geïdentifiseer is: daar is nie 'n onderskeid tussen die twee nie. Hierdie denkbeeldige eenheid moet versteur word voordat die kind 'n subjek kan word, en dit word versteur deur die vader (wat staan vir die wet en die simboliese orde). Die denkbeeldige identifikasie met die moeder moet plek maak vir 'n simboliese identifikasie met die Naam-van-die-vader om sodoende 'n plek in die wêreld te verower en as pratende subjek gekonstitueer te word. Die prys wat die kind daarvoor moet betaal, is die simboliese kastrasie aan die denkbeeldige fallus. 'n Verglyding van tekens vind dus plaas. Die denkbeeldige fallus (wat mens op hierdie stadium 'n teken kan noem) is die oorspronklike teken van die begeerte van (of na) die moeder en moet nou plek maak vir die Naam-van-die-vader en gly onder die lyn in. Dit noem Lacan die *eerste of primêre repressie*. Die oorspronklike begeerte objek word verdring en word daardeur verander in 'n latente teken van begeerte of vermiste objek. Deur die eerste repressie kom die eerste relasie tussen *signifié* en *signifiant* ook tot stand. Die oorspronklike begeerte word dus gekanaliseer in 'n labirint van tekens wat sowel substitute (metafore) vir die oorspronklike uitmaak as die oorspronklike begeerte onvernietigbaar maak (deur dit in 'n oneindige reeks metonimieë voort te plant). (Vgl. vir hierdie uiteensetting Muller, 1980: 150–51.)

Begeerte is, volgens Lacan, "an effect in the subject of that condition which is imposed upon him by the existence of the discourse to cause his need to pass through the defiles of the signifier" (Lacan, 1977b: 264). Daarom merk Wright op dat die diskoers die engte, die groef is wat 'n vorm op ons behoeftes afdwing. Uit hierdie dwang ontstaan beide die begeerte en die onbewuste. By Lacan is die onbewuste dus die resultaat van die strukturering van die begeerte deur taal. "The unconscious is desire which has been meant but not recognized" (Wright, 1983: 122).

Dit is veral hier dat metafoor en metonimie weer ter sprake kom, weer opduik uit die onbewuste, by wyse van spreke. As die subjek praat, bring hy 'n ketting van verbindings tussen woorde voort, verbindings wat hy nie verstaan nie. Hy formuleer die eindelose ketting van tekens op soek na

bevrediging, die gemis, die oorspronklike gebrek, die eenheid met die moeder. Maar hy is, deur die tussenkoms van die Ander (of die taal) fundamenteel in homself gesplete in 'n sprekende ek en 'n ek as grammatikale subjek (Mooij, 1983: 128).

Opperman se enigmatiese gedig "Sondag van 'n kind" (Uit *Dolosse*, 1963) is by uitstek 'n verminkte teks, maar natuurlik, volgens Lacan se siening, nie minder vermink as enige ander teks nie:

Sondag van 'n kind

My vader, moeder, broer en ek
het rape uit die land getrek,

hulle in die spruitjie skoon gewas
en saam gaan eet op klawergras.

Later toe ons by 'n waenhuis kom
was al die bure saamgedrom,

en by die een vervalde hoek
lees iemand vir ons uit 'n boek.

Klip na klip word van die muur gerol
tot by 'n lam met raapwit wol.

Dit lyk na 'n Sondag gesien deur die oë van 'n kind, soos Strydom (1962) betoog het. Die kind sien die Sondag anders, nog nie aangepas by die volwasse siening van Sondag nie, nog atavisties, nog nie deur die samelewing bepaal nie. Hy het nog nie die volwasse insig in die gebeure nie.

2 'n Poging om die verdronge teks te herwin

Strydom lees in die gedig "die verhaal van die lydingsgeskiedenis met die verlossingsboodskap deur die oë van 'n kind" (1962: 249). Daar word uit 'n boek, die Bybel, gelees. Watter gedeelte sou dit wees? Kennelik die dele wat veral oor klippe en oor 'n lam handel, want daarop fokus die laaste strofe.¹

Nou is daar natuurlik talle Bybeltekste wat klippe of 'n lam vermeld, soos Strydom ook aandui. Ek noem 'n paar (volgens die 1983-vertaling):

Daar sal seker nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie, Mark. 13: 2.

Voorwaar ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie, Matt. 24: 2.

Hierdie dinge wat julle sien – daar sal dae kom wanneer nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie, Luk. 21: 6.

En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid, Luk. 21: 27; op die wolke sien kom, Mark 13: 26; sien kom op die wolke van die hemel, Matt. 24: 30.

Sy hoof en sy hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, Openb. 1: 14.

Ek dink die patroon begin duidelik word: die versenke teks kan Jesus se profetiese rede wees met die voorspelling van die vernietiging van Jerusalem en van die Wederkoms. En dit word deur die kind verbind met dinge wat hy ken: die klippe van die vervalde gebou wat hy sien, die wit van die rape. Die slotstrofe is dus 'n verdigting van talle (Bybel)tekste oor die klippe en die Lam, ook tekste soos:

die klippe sal dit uitroep (ook deur Lacan, 1977a: 167 aangehaal)

van die klippe brood maak

die klip wegrol

'n Belangrike gaping val mens egter op. In die slotstrofe word net die begin en die einde van die profetiese rede gekondenseer: die voorspelling oor Jerusalem en die Wederkoms van die Seun. Die res van die profetiese rede word weggelaat, en dit bestaan hoofsaaklik uit voorspellings van oorloë, verwoesting, dood, hongersnood en die moeilike gedeeltes waarin mens die wegraping kan lees. Kan ons hierdie gaping in die gedig "lees"?

Tipies Lacaniaans word die gemis metonimies weggesteek. Wat dus NIE daar staan nie, is belangriker as wat wel daar staan. Die klem word juis van hierdie benouende dinge af verskuif na minder belangrikes, wat dan as die simptome of tekens daarvan moet dien.

Dit lyk byvoorbeeld of die mense in die gedig maar baie arm is en rape moet eet: 'n karige en nie al te smaaklike maaltyd nie; beslis nie 'n Sondagmaal nie. Onbewus kan daar by die kind 'n verlange na kos oorbly. Die klem word m.a.w. verskuif vanaf dit wat die belangrikste is, die honger, die begeerte na kos, die vrees vir die verskrikkinge, na minder relevante detail soos die witheid van die lam se wol. *Raapwit* kan m.a.w. as 'n metonimie vir "honger" beskou word. Dit is tegelyk 'n verplasing van die sneeu van bv. Openb. 1: 14. Wit in die intensiewe vorm word herdink in terme wat vir die spreker bekend is, maar met die belangrike verskil dat 'n raap iets aards en alledaags is wat vir veevoer gebruik word en dus nie naastenby so verhewe, rein, bo-wêrelds is soos sneeu nie.

In *raapwit* word tegelyk egter ook gekondenseer *raap*, *skoongewas*, die suggestie van volmaaktheid wat voortkom uit die teenwoordigheid van die hele gesin en die idilliese saamwees. Meer nog: raap kan hier metafores vir brood staan: dit is wit, dit word saamgeëet op klawergras, wat herinner aan die vermeerdering van die brood, dit is 'n baie basiese voedsel. Die klippe, van klippe brood maak en die ryk metafoor van brood in die Bybel sou mens dus hierby kon lees: Lam as raap, as brood van die lewe, ens.

Strydom (1962: 246) haal 'n ander teks by raap aan, nl. Webster se woordeboek, wat die klem laat val op die kruisvorm van die raap se blom. Dit dra die kruis in hom soos sy genusnaam, Cruciferae, die kruisdraers, suggereer.

3 Sy majesteit die Ego

Die gedig hoef nie noodwendig 'n kinderlike weergawe van die heilswaarhede van die Bybel te wees nie. Dit kan, in Freudiaanse sin, ook as 'n ander soort wensvervulling beskou word. Kinders het in die Freudiaanse konteks nog veel onbehoorliker wense as net vol mae. Strydom (1962: 245) het reeds daarop gewys dat die *ek* in die eerste vers nadruklik vooropgestel word omdat dit aan die einde van die sin staan en nie, soos gebruikelik in Afrikaans, aan die begin nie. Dit staan egter ook in 'n nadruksposisie aan die einde van die vers. Strydom meen die volgorde dui aan dat die spreker die jongste lid van die gesin is.

Die eerste vers suggereer ook 'n mooi gesinseenheid: vader, moeder, broer, ek. Die klank druk dit ook uit met 'n soort rym tussen *vader* en *moeder* en die assonansie van *moeder* en *broer*. Die klank van *ek* pas egter nie daarby in nie. Die eenheid is dus tog nie so heg as wat dit lyk nie. Verskillende opponerende stelle relasies is moontlik: ek, vader teenoor moeder, broer of: ek, vader, moeder teenoor broer, vader, moeder, ens.

Mieke Bal (1984: 25) wys heel tereg daarop dat die psigoanalise die klem laat val op die letter en op gesins- en seksuele verhoudings. Net soos die ek teenoor die res van die gesin staan, ontwikkel daar in die gedig 'n gesamentlikheid wat weer teenoor die lam staan: die gesin word "ons" en later word die bure daarby ingereken: "was al die bure saamgedrom", "lees iemand vir ons uit 'n boek". Die lam word nadruklik in die laaste strofe geïsoleer deur dit in 'n afsonderlike sin en strofe te plaas, 'n sin wat bowendien sterk van die voriges verskil in sy "onpersoonlike" vorm.

Strydom het ook gewys op die ontwikkeling in die gedig van bepaalde (en dus bekende) dinge (*rape, die land, die spruitjie*) na onbepaalde (onbekende) dinge: *'n waenhuis, iemand, 'n boek, 'n lam*. Die isolasie van die lam in die slotstrofe kan beskou word as 'n herhaling van die afsondering van die ek in die eerste vers. Die jongste is dus die lammetjie, die onvolwassene, die onskuldige – iets wat trouens versterk word deur die ooreenkoms tussen *'n lam* en *'n kind* van die titel. (Die titel bied in elk geval 'n ander, meer volwasse perspektief in die teks.)

Dit is nie net die heilsverhaal wat mens hieragter kan lees nie, maar ook Freud se *family romance* wat die verhaal is van die jaloesie tussen broers en van die droom van die jongste, die geminagte, om eendag groot en magtig te wees. Die onderdrukte ego droom van sy triomfantelike terugkeer. Daarom kan mens *lam* beskou as 'n verskuiwing, 'n verdoeseling van die spreker se identifikasie met die triomfantelike Wederkoms van die "*Seun met groot mag en heerlijkheid*", soos dit in die profetiese rede beskryf word. Dit is die koms van sy majesteit die Ego.

4 Die sondebok en die mimetiese begeerte

Strydom (1962: 247) probeer die letterlikheid van *saamgedrom* beperk deur te sê dat dit 'n kind is wat die gebeure waarneem en dat "die samedromming dus moontlik nie so druk en intens is as wat 'n volwassene dit sou sien nie". Lees

mens dit op die letter af, verlaat 'n mens gou die sfeer van 'n rustige kerkdiens en kry jy te doen met 'n driftige, opgewonde skare, soos die skare waarvan die geluid teen die einde van Leipoldt se *Die heks* deur die vensters na binne waai terwyl die hekse brand. Dit suggereer m.a.w. 'n belangrike sosiale ritueel – soos om klippe aan te rol vir 'n offer en die suiwer, onskuldige lam daarop neer te lê. Ons kan dus hier te doen hê met 'n dramatiese, opwindende sondebokritueel waardeur die kollektiewe skuld op die onskuldige geprojekteer word. Behalwe op tekste soos die Bybel en *Een vir Azazel* sou 'n mens om dit te staaf jou ook kon beroep op tekste van René Girard oor die mimetiese begeerte en die sondebokritueel.

Vir Girard (1978) is begeerte nie die verskuiwing van betekenaars vir 'n oorspronklike gemis nie, maar die nabootsing van die begeerte van die ander. Hierdie mimetiese begeerte kom in sy primitiefste vorm voor wanneer twee hande gelyk na dieselfde voorwerp reik. En die onvermydelike gevolg daarvan is mededinging en geweld, omdat die nagebootste model as hindernis beskou word. Dit eskaleer volgens Girard tot 'n mimetiese krisis in samelewings tensy 'n meganisme gevind kan word wat die ontbinding van die samelewing voorkom. Hierdie meganisme is die sondebokmeganisme waardeur die geweld van 'n hele samelewing op 'n slagoffer geprojekteer word en hy dan geoffer word. Dit is die soort meganisme wat Girard in tekste oor Jodevervolging raaksien en wat mens duidelik geïllustreer kry in die heksvervolging in *Die heks* van Leipoldt. Dit bestaan uit die bewussyn van 'n krisis, die toeskryf van 'n bose mag aan die sondebok (die bose oog, met die water peuter, waarvan Elsa ook beskuldig word in *Die heks*), die offer van die sondebok en die terugkeer van die rus en vrede.

Mimetiese begeerte is, volgens Girard, die besondere ontdekking van skrywers soos Cervantes, Shakespeare en Dostojefski. Oor Dostojefski skryf hy byvoorbeeld:

In Dostoevski, desire has no original or privileged object. This is a primary and fundamental break with Freud. Desire chooses its objects through the mediation of a model; it is the desire of and for the *other*. The model designates the desirable while at the same time desiring it. Desire is always an imitation of another desire, desire for the same object, and, therefore, an inexhaustible source of conflicts and rivalries. The more the model transforms itself into an obstacle, the more desire tends to transform the obstacles into models (Girard, 1978: 39).

Langs 'n omweg (is daar soiets in die psigoanalise?) het ons weer uitgekome by Lacan, want hierdie formulering van Girard herinner mens baie sterk aan Lacan se formule "le désir de l'homme, c'est le désir de l'Autre". Lacan voer egter 'n derde term in hierdie relasie van begeerte en model in, en dit is presies die Ander, die Naam-van-die-Vader, die simboliese orde, die onbewuste of hoe mens dit ook wil noem. Deur sy intrede in die simboliese orde is die subjek gedoem om onherroeplik in die stiltes, hiate, verskuiwings in sy woorde die begeerte na/van die Ander te artikuleer. Die verlange na die finale teken van die begeerte plant homself in 'n oneindige ketting voort: raap, boek, lam, ens. (Die lam is beset met die eerste teken van begeerte, nl.

die raap.) Die droom van 'n finale betekenis wat onder die klippe versteek lê, bevredig net voorlopig. (Die lam is 'n antiklimaks.) Die identifikasie met (en tegelyk vervreemding van) sy eie ideaalbeeld in die lam skep en verdeel die subjek terselfdertyd (in 'n sprekende ek, byvoorbeeld, en die kind waaroor in die titel gepraat word, maar wat in die slotverse as agens verdwyn).²

Aantekeninge

1. Hierdie lesing van Opperman se teks is in hooftrekke geproduseer tydens 'n werksessie oor Lacan saam met Johan Geertsema en Attie de Lange. Ek erken hiermee met dank hulle groot aandeel daaraan.
2. 'n Vroeër versie van hierdie artikel is gelewer tydens die ALV-kongres van September 1988 te Potchefstroom. In gesprekke nadat ek die referaat gelewer het, is nog drie moontlike lesings gesuggereer. Heilna du Plooy het gesuggereer dat die wegl van die klippe ook kan beteken: om dit wat bedek, te verwyder. Die slotstrofe beskryf dus 'n persoonlike geloofsbeleving van die teenwoordigheid van die Lam by die spreker. Fanie Olivier wil die slotstrofe as misties lees. Johan Degenaar wil 'n beweging van emansipasie uit 'n ortodokse opvatting na 'n outentieke beleving (as ek hom reg parafraseer) in die gedig lees.

Verwysings

- Bal, M. 1984. Introduction, Special issue on "Psychopoetics – theory". *Style* 18(3): 241–260. Summer.
- Girard, R. 1978. *To doubled business bound*. Baltimore: Johns Hopkins.
- Lacan, J. 1977a. The agency of the letter in the unconscious or reason since Freud. In: Lacan, 1977c: pp. 146–178.
- Lacan, J. 1977b. The direction of the treatment and the principles of its power. In: Lacan, 1977c: pp. 226–280.
- Lacan, J. 1977c. *Écrits; A selection*. Trans. by A. Sheridan. New York, London: Norton.
- Lacan, J. 1977d. *The four fundamental concepts of psycho-analysis*. Trans. by A. Sheridan. Harmondsworth: Penguin.
- Mooij, A. 1983. *Taal en verlangen*. Lacan's teorie van de psychoanalyse. Meppel: Boom. 5de druk.
- Muller, J.P. 1980. Psychosis and mourning in Lacan's *Hamlet*. *New Literary History* 12(1): pp. 147–165. Autumn.
- Strydom, S. 1962. Aantekeninge by "Sondag van 'n kind". In: Grové, A.P. samest. *D.J. Opperman – Dolosgooier van die woord*. Kaapstad: Tafelberg.
- Wright, E. 1983. Modern psychoanalytic criticism. In: Jefferson, A. & Robey, D. 1983. *Modern literary theory; a comparative introduction*. London: Batsford: pp. 113–133.